BOELIEGEDRAG

Wanneer weet ek my kind word geboelie? Of wanneer mag dit dalk my kind se eie sensitiwiteit of sosiale onsekerheid wees wat hom of haar blootgestel of uitgesonder laat voel? Dit is noodsaaklik om presies te weet wat ís boelie en wat dit nié is nie. So kan ons die korrekte inligting met ons kinders deel, hulle bemagtig en beskerm. Verder kan ons ingestel wees op gedrag wat daarop dui dat my kind geboelie word, maar ook wanneer mý kind dalk die boelie is.

Wat is 'n definisie van boelie? **Boelie is die herhaaldelike, ongevraagde en intensionele gedrag wat uitsluitlik daarop gemik is om 'n spesifieke kind of 'n spesifieke groep kinders hartseer, seergemaak of blootgestel te laat voel. Die gedrag vind oor en oor plaas en gaan gewoonlik gepaard met 'n oënskynlike magswanbalans.**

Boeliegedrag kom in verskillende vorms voor, afhangend van die ouderdom van die kind. Dit kan fisies, verbaal of sielkundig wees en vind áltyd binne sosiale verhoudings plaas.

Fisies: Dit is die mees voor die hand liggende vorm van boelie en die maklikste om raak te sien. Dit sluit in om 'n ander te slaan of te byt. Dit sluit ook dreigemente om jou kind seer te maak.

Verbaal: Om jou kind te spot, name te noem of hom/haar herhaaldelik voor ander te verneder, is voorbeelde dat jou kind verbaal geboelie word. Dit is moeiliker om te identifiseer, want dit gebeur gewoonlik waar 'n volwassene nie teenwoordig is of binne hoorafstand is nie. Die kinders wat hier geteiken word, is dikwels die kind wat vir die boelie weerloos of "anders" voorkom.

Binne verhoudings: Dit gebeur dikwels indirek en gewoonlik agter die kind wat geteiken word se rug. Hierdie tipe boeliegedrag het ten doel om die kind se sosiale status af te breek of om sélf status binne die groep te verkry. Dit sluit ook in om die kind opsetlik uit te sluit of om gerugte te versprei wat die kind seermaak of in die verleentheid stel. Dit sluit selfs in om ander kinders aan te moedig om dieselfde te doen.

Kuberboelie: Hierdie vorm van boelie kom nie tipies by jong kinders voor nie. Dit bly egter die moeilikste vorm van boelie om te beheer en het ten doel om die kind van sy/haar portuurgroep te isoleer. Die slagoffers voel magteloos om hulself daarteen te beskerm.

Met bogenoemde in gedagte, hoe verduidelik ek in eenvoudige taal vir my kind wat boelie is?

Boelie is nie as maats sommer verspot is en almal gemaklik daarmee is om speel-speel 'n ander maat se siel uit te trek sonder dat iemand hartseer of uitgesluit voel nie.

Boelie is: ***Iets wat jou laat sleg voel oor jouself en jou hartseer maak***

Iets wat 'n maatjie opsetlik en aspris doen

Iets wat vir jou moeilik is om op jou eie te stop

Iets wat oor en oor gebeur

Iets wat nie by die skool mág gebeur nie

So, met bogenoemde in gedagte, wat moet ek doen as my kind ontsteld by die huis kom en sê hy/sy word geboelie? Ons praat volgende week daaroor.

Marike Badenhorst